DEEL 117 | WEEK 43 | 24 OKTOBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Vraagtekens rondom Vrystaat Veediefstalsyfers

Met die onlangse bekendmaking van veediefstalsyfers is gegis dat dié syfers heel waarskynlik onakkuraat is. Die syfers wat die minister van polisie bekendgemaak het, is egter net aangemelde sake. Dis hier waar die verwarring ontstaan.

"In 2016 het Agri SA die Buro vir Marknavorsing van Unisa genader om 'n studie te doen oor misdaad in die landbousektor," sê Isabel Kruger, veiligheidsverteenwoordiger en veediefstalspesialis by Vrystaat Landbou. In die navorsing is bevind, ongeveer 70% van kommersiële landbouers deel vorm van die misdaadstatistiek in verskeie afdelings.

**Boere was die slagoffers van:**

- Veediefstal, 52,8%
- Infrastrukture op die plaas, 32,1%
- Plaastoerusting en gereedskap, 22,66%
- Roof, 22,52%
- Diefstal van graan, 22,08%

'n Derde van landbouers het 'n toename ervaar in die laaste drie jaar.

In 2024 is navorsing gedoen en dit blyk dat slegs 24,5% landbouers sake by die polisie rapporteer. Slegs 30% van landbouers meld veediefstalsake aan. Die grootste rede daarvoor is dat daar nie 'n goeie verhouding tussen SAPD en landbouers is nie. Die polisielede is ook oorwerk, met geen vertroue in die NVG en die vervolging van misdadigers nie.

Tekort aan staatsaanklaers

"Daar is ook 'n tekort aan goeie staatsaanklaers by veediefstalsake. 'n Groot probleem is dat boere steeds nie diere brandmerk en tatoeëer ingevolge die Wet nie," sê Kruger

Die aangemelde syfers vir die vierde kwartaal van die jongste boekjaar vir Suid-Afrika is 5 671. Dit verteenwoordig 557 minder sake as in 2023/24 en dui op 'n afname van 8,9%. Die meeste sake is in Oos-Kaap aangemeld (1 628), gevolg deur KwaZulu-Natal (1 188) en Noord-wes (632).

Die Vrystaat se veediefstalsake dra 10,6% by tot die Suid-Afrikaanse aanmeldingsyfer.

Vee wat nie behoorlik gemerk is nie, dra by tot die veediefstalprobleem

Die Vrystaat het in die vierde kwartaal van 2024/2025, 'n totaal van 601 veediefstalsake aangemeld by die polisie – 121 sake minder as die vorige jaar, wat op 'n daling van 20.13% dui. Die distrik wat die meeste diefstalsake in die Vrystaat aangemeld het, is Thabo Mofutsanyana (Oos-Vrystaat) met 219 sake. Seloshesa en Dewetsdorp se veediefstalsake het toegeneem, terwyl Harrismith en Tseseng gedaal het.

Die polisieminister het in 2019/2020 syfers bekendgemaak (jaarliks) oor die getal diere wat gesteel is in veediefstalsake. Sedertdien word veediefstalsyfers kwartaalliks uitgereik.

"Dit is kommerwekkend dat, hoewel veediefstal aangemelde sake daal, die getal diere wat gesteel word, geweldig toeneem. Daar is nagenoeg 95 000 stuks vee meer gesteel in die nuwe finansiële jaar 2024/25.

"Dit beteken dat 'n kwartmiljoen diere gesteel is wat definitief nie by die polisie aangemeld is nie. Daar is ook geen aanduiding van die polisie oor hoeveel van die diere wat gesteel is, teruggevind is nie," sê Kruger.

Die totale getal diere gesteel in 2019 is 150 574, teenoor die getal diere gesteel in 2024/5 - 244 792.

Die top-30-polisiekantore wat veediefstalaanmeldings betref, is op die platteland, wat wys boere is die teiken van georganiseerde veediefstalsindikate.

Die aanmelding van veediefstalsake is van kardinale belang. Geen aanmelding dui op geen misdaad. Die belangrikste boodskap is dat diere gemerk moet wees, wat opsporing en hofsake makliker maak. Die roete wat gevolg moet word in ongemerkte diere is DNS-toetsing wat baie lank kan neem in sommige gevalle.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## *Geestesgesondheid en Stigma – Hoekom ons dit moet breek*

***'n Perspektief van 'n maatskaplike werker***

Wanneer ons oor geestesgesondheid praat, kom die woord "stigma" dikwels op. Maar wat beteken dit regtig? Stigma is 'n negatiewe siening of oordeel teen 'n groep mense of teen 'n spesifieke toestand, dikwels gebaseer op wanopvattings, vrees of onkunde. Dit kan lei tot diskriminasie, uitsluiting of selfs selfsveragting. Mense met geestesgesondheidsprobleme bly dikwels stil omdat hulle bang is om beoordeel of as "swak" gesien te word.

Daar is verskeie redes waarom geestesgesondheid dikwels negatief beskou word. Onkunde is een van die grootste redes: baie mense verstaan nie wat geestesgesondheidsprobleme behels nie en dink dit is 'n karakterfout eerder as 'n mediese toestand. Media en kultuur dra ook by deur mense met geestesprobleme as gevaarlik, eksentriek of onbeheersbaar uit te beeld, wat wanpersepsies versterk. Daarby voel mense dikwels skaam of bang om hulp te vra omdat hulle dink hulle sal beoordeel of vermy word.

Stigma kan ernstige gevolge hê. Dit keer dat mense hulp soek, wat lei tot stil lyding en verergering van probleme soos depressie, angs of selfs PTSV. Verhoudings en gemeenskappe kan spanning ervaar, en in sommige gevalle kan geestesgesondheidsprobleme lei tot krisisse soos selfbesering of selfmoord.

Daarom is dit noodsaaklik om stigma te breek. Wanneer stigma gebreek word, word hulp normaal gemaak, mense voel gemakliker om ondersteuning te vra en behandeling te ontvang. Openlike gesprekke help wanopvattings reg te stel en empatie te bou. Gemeenskappe word sterker wanneer ondersteuning en begrip van geestesgesondheid bevorder word, en mense ervaar minder isolasie.

Jy kan self help om stigma te breek. Praat ooplik oor geestesgesondheid en deel jou ervarings of luister sonder oordeel. Gebruik respekvolle taal en vermy terme soos "gek" of "loskop." Ondersteun jou vriende en familie deur oop vrae te vra soos: "Hoe voel jy regtig vandag?" en luister aandagtig. Vorm bewustheid in jou gemeenskap deur by plaaslike geestesgesondheidsorganisasies aan te sluit en hul hulpbronne te deel. Onderwys jouself oor algemene geestesgesondheidsprobleme soos depressie, angs, PTSV en bipolêre versteuring, sodat jy meer empaties kan reageer.

Daar is verskeie hulpbronne beskikbaar in Suid-Afrika. Die South African Depression and Anxiety Group (SADAG) bied noodhulp, inligting en ondersteuning by 0800 456 789. Lifeline Suid-Afrika is 24 uur beskikbaar by 0861 322 322, en die Suicide Crisis Helpline kan by 0800 567 567 gekontak word vir mense met selfmoordgedagtes. Internasionaal bied die Mental Health Innovation Network by www.mhinnovation.net kennis en tegnieke om gemeenskapsbewustheid te verhoog.

Geestesgesondheid is 'n menseregte-saak. Niemand moet skaam wees om hulp te vra nie. Deur stigma te breek kan ons 'n omgewing skep waar emosionele welstand geag word en elke persoon die ondersteuning kry wat hulle nodig het. Begin vandag deur te praat, te luister en empatie te wys – selfs 'n klein daad kan 'n groot verskil maak in jou gesin, werkplek en gemeenskap.

# Bek- en Klouseer brei uit in die Vrystaat:

## *Waaksaamheid nou krities*

Die Departement van Landbou het Vrydag 17 Oktober, tydens 'n Gesamentlike Operasionele komitee-vergadering (JOC) oor Bek-en-klouseer, bevestig dat Sasolburg as 'n nuwe Bek- en Klouseer (BKS) gebied verklaar is, terwyl die Viljoenskroon/Vredefort-gebied nou ook 'n geval in Parys aangemeld het. In Kroonstad wag die uitslag van 'n verdagte geval, terwyl verskeie ander reeds negatief getoets het. Die tweede rondte van inentings behoort volgende week in sekere gebiede afgehandel te wees.

Volgens die jongste terugvoer wag abattoirs in die betrokke gebiede op goedkeuring om weer met uitslag te begin. 'n Plaas se kwarantyn kan eers ses weke ná volledige uitslag en ontsmetting opgehef word — soos onlangs in Deneysville die geval was.

Sedert die 2022-uitbraak en die huidige toename in gevalle, is duisende dosisse entstof reeds in die Vrystaat toegedien. Die Departement het bevestig dat geen newe-effekte van die entstof tot dusver aangemeld is nie.

Vrystaat Landbou se vise-president, Friedl von Maltitz, het die vergadering daaraan herinner dat VL reeds verlede jaar voorgestel het dat vee wat oor provinsiale grense vervoer word, slegs met 'n veeartspermit en nie bloot met 'n eienaarsverklaring geskuif mag word nie. Die Departement het kennis geneem van die voorstel, maar wys daarop dat die tekort aan staatsveeartse die implementering daarvan tans bemoeilik, veral in kombinasie met die inentingsproses.

Die Viljoenskroon-gebied bly die ergste geraak, met 25 bevestigde gevalle en nog 15 moontlike wat in die rigting van Vredefort versprei. Gebiede waar nuwe gevalle aangemeld word, toon dat boere hul pligte nakom deur vinnig aan te meld, wat help om verspreiding onder beheer te bring.

# UIT DIE PEN:

## Week 43





Ek kan nie eers alles onthou wat tydens myne gebeur het nie. Ek kan wel die reuke en die kleure onthou: die saal het 'n blink houtvloer gehad. Aan die voorkant was daar 'n verhoog met maroen gordyne, baie swaar. Daar was goue fraiings aan die gordyne. Dit was nooit oopgetrek nie. Jy het sommer die gordyne geruik wanneer jy in die saal inkom.

Daar was seker vier rye banke, so drie meter of meer van mekaar af. Wyd uitgestrek, soos 'n donderbui. Jy kon nie eers van een tafel na die volgende met 'n klip gooi nie.

Die saal het hoë vensters gehad. Nog sulke skoolvensters wat met 'n vensterstok oopgemaak word. Hierdie vensters het ook gordyne van dieselfde materiaal gehad. Net sulke smal godyntjies wat die venster bedek het.

Die mure was skitterwit geverf.

Aan die linkerkant was 'n houtdeur wat na die kombuis gelei het. Daar was ook 'n deur na die grasperk. Ons mag nie daar in- en uitgegaan het nie.

Die saal was oorkant die Moedergemeente se kerk. Die kerk was 'n groot, imposante sandsteengebou. Al die matrieks het in die straat parkeer. Daar het ons bymekaargekom en laaste notas uitgeruil.

Links, aan die voorkant van die saal, was oom Thys se kantoor. Hy was die saakgelastigde van die sandsteenkerk oorkant die straat. Oom Thys was 'n netjiese oom. Hy het, somer en winter, 'n driestukpak gedra met 'n swart hoed. Sy hoed het 'n klein, rooi en pers veertjie ingehad.

Almal het aan die voorkant van die saal ingegaan. Ons het ons eksamensakke in die voorportaal neergesit, en daarna, met omtrent net een pen, een potlood, 'n uitveër, 'n liniaal, en sakrekenaar, is ons een vir een in die saal ingelaat. Sonder om 'n woord te sê of om lawaai te maak.

Ja, ek praat van my matriekeindeksamen.

Ds Ritchie was ons toesighouer. Ek weet nie eers of daar 'n aflos was nie. Ds Ritchie was maar net daar.

Hy het nie 60 kg geweeg nie. Ds Ritchie was 'n groot mens. Hy het blink bruin skoene gehad wat *ge-klok-klak* het op die houtvloere. Daarom het hy omtrent net drie keer elke uur van voor na agter geloop. Dit is nou indien een van ons nie iets nodig gehad het nie.

Aan die einde van die sessie moes ons die boeke toemaak, jou pen neersit en stip voor jou kyk. Ds Ritchie het ons dan een vir een geroep om ons antwoordboeke in te handig. Bewaar jou siel indien jy lawaai gemaak het. Die opdrag was maklik: staan op, handig jou antwoordstel in, en gaan sit weer. Geen storietjies nie.

En ek moet bieg: ons was nogal 'n gehoorsame klomp. Dalk was ons net bang dat Ds Ritchie ons name in die volgende Sondag se preek gaan noem.

Ek weet dat ek in my matriekjaar baie hard geleer het. Ek het lekker vakke gehad en het van my onderwysers gehou. Mnr Parratjie het Afrikaans gegee, en hy was dierbaar. Ou Vos het vir ons fisiese wetenskappe gegee, en hy was soms baie snaaks. BB het vir ons lewenswetenskappe gegee, en sy het baie mooi aangetrek. Herbie was die meneer vir rekeningkunde, en hy was 'n wonderlike onderwyser. So kan ek aangaan.

Matriek was lekker. Nee, eintlik was graad 10 – 12 lekker. My pa het altyd gesê dat hulle die skool moes afbrand om van my ontslae te raak.

Met ons rekeningkunde-eindeksamen het ek drie manne gehad wat saam met my geleer het. Rudolph, Wimpie en Makkie, as ek reg onthou. Ons het rondom ons groot eetkamertafel gesit en balansstate en inkomstestate optrek. Ek dink dit was 'n hele naweek en 'n dag.

Ons het die heerlike vrugte daarvan gepluk. Rudolph sê nou nog dankie daarvoor. Herbie, wat rekeningkunde gegee het, was baie trots op ons.

Die matriekeksamen vir die meeste graad 12's het hierdie week begin. Gedurende hierdie week kon luisteraars boodskappe vir matrieks laat uitsaai op die Afrikaanse radiostasie. Hulle kry boodskappe soos: "Ons dink aan julle." Of iets soos "Doen net jou beste."

Een boodskap lui: "Bid net en dit sal goed gaan."

Ek is so jammer indien ek effens ongelowig klink. Maar hierdie boodskap is leeg, daar kort iets. Jy kan beslis nie net bid nie. Daar is ander komponente wat nodig is. Jy sal ongelukkig moet leer ook.

En soos my vorige predikant, Amos, altyd gesê het: As jy nie leer nie, kom jy nie deur nie. So maklik soos dit.

Aan die matrieks: Leer, leer en leer. En bid. Daarna leer jy nog 'n bietjie. Hierdie eksamen is niks anders as die een wat jy in September afgelê het nie. Die werk is dieselfde, die formaat van die vraestel is presies dieselfde as September se vraestel.

Dis dieselfde kognitiewe vlakke. Die omstandighede sal dalk net effe verskil.

Sekuriteit is baie strenger en die toesighouers mag dalk vreemd wees. Die prosedures ook.

Maar dit is dieselfde soort eksamens waaraan jy blootgestel was tot nou toe.

Ek wens vandag dat elke matrtikulant sy bes sal doen. Dat jy sal bid. En diep asemhaal indien jy voel asof jy wil versmoor in jou eie banggeit.

Dis glad nie so erg nie. Daar is baie mense wat reeds hierdie eksamen afgelê het wat nog lewe. Daar is baie wat nà jou hierdie eksamen gaan aflê en nogsteeds aan die lewe gaan vasklou.

Wees net dankbaar dat Ds Ritchie nie met sy blinkleerskoene *klok-klak* loop op julle houtvloere nie.

Dink daaraan: op 11 of 12 Januarie 2026 skiet julle moontlik sjampanjeproppe. En indien nie, dan probeer jy weer.

# Ná 50 jaar is die klas van 1975 nog pure ‘magic’

• *Magda Swart*

Genade en dankbaarheid. Dit is die twee woorde wat die meeste gehoor is toe ’n handvol vriende onlangs bymekaargekom het vir ’n matriekreünie.

Die 1975-matriekklas van die destydse Hoërskool Willem Pretorius in Heilbron het deur die jare gereeld saam gekuier en elke vyf jaar ’n reünie gehou, maar dié een op 18 Oktober 2025 was spesiaal. Dit is 50 jaar nadat hulle rondom dié tyd in 1975 hul eerste matriekvraestel geskryf het.

Nadat die mense vroegmiddag uit alle oorde in die land - en selfs uit die buiteland -aangekom het vir die groot kuier, het Frik Nolte (hoofseun) almal verwelkom en benadruk watter genade dit is en hoe dankbaar hy is dat almal weer saam kan kuier as klasmaats . “Dit is ’n dag van onthou jy nog en van kosbare herinneringe wat oor die jare deur die lewe toegeverf is, maar nooit uitgewis nie,” het hy gesê.

“En tog, as ek sê 50 jaar, wil my kop dit nie aanvaar nie. ’n Halwe eeu. Ons was net die ander dag matrikulante. Nou kyk ons rond en sien dat ons kinders al ouers is. Sommige van ons kyk in die spieël en sien ons eie ouers se gesigte. Dis vreemd, dis wonderlik, dit ontstellend – alles op een slag. Hoe het die tyd so vinnig gevlieg,” het hy gevra en só waarskynlik elkeen se gedagtes vasgevang.

Louis Myburgh het in sy Skriflesing gefokus op hoe elkeen wat daar is, deur die genade gelei is tot waar ons daar bymekaargekom het.

En in byna elke gesprek daarna is die woorde “genade” en “dankbaar” gehoor. Dit was die oorheersende gevoel, maar daar is nóg iets aan dié groep mense, wat op skool al gemeen het hulle het daai iets wat hulle anders en spesiaal maak. Dit wat destyds daar was, is nog daar en ná al die jare het daardie magic ’n mens byna laat dink aan towerkrag hulle daarin kon slaag om 50 jaar soos mis voor die son te laat verdwyn. Almal was weer jonk en stout. Die staaltjies het geloop soos stroop. En die gelag het geklink soos destyds in die vierkant – waar “Faan nie kon wag vir die lente om aan te breek nie”.

Dalk het die musieklys van Wesley Grant, destyds ook ons “DJ” op menige garage-paartie, gehelp om herinneringe wakker te maak met elke liedjie wat ons klomp in daardie jare aan die dans en jol gehad het. Wesley woon al geruime tyd in die VSA en het spesiaal na Suid-Afrika gekom vir die reünie. Maar nie voordat hy ’n stuk of 50 liedjies uit ons skooltyd bymekaar gesit het vir ’n “Klankbaan van ons Skoollewe” nie.

Die geleentheid is gehou by die Sunwa River Lodge, aan die oewer van die Vaalrivier, naby Parys.

Van die 37 klasmaats wat destyds saam matriek geskryf het, is sewe reeds oorlede – van hulle baie jonk. Esmarie Smit (hoofmeisie) het hulde aan elkeen van hulle gebring en hulle só deel gemaak van die fees van onthou. Uiteindelik was 22 van die 30 oorlewendes daar, asook ’n paar maats wat vroeër saam op skool was. Van diegene wat op die reünie was, het 14 saam in 1964 hul eerste skooldag in Heilbron beleef.

Daar was dus baie om te praat en te onthou. Ná ’n regte boere-ete het die groot kuier begin en aangehou tot watter tyd in die vroeë oggendure. Ook maar goed die meeste het oorgeslaap, want Sondagoggend het hulle een-een, en baie stiller as die vorige aand, uit die kamers gekom om koffie te soek en vir oulaas te praat en onthou.

Die geleentheid is amptelik afgesluit met ’n boodskap van Trevor Hudson, ’n bekende geestelike leier, wat ons klomp (kom ons sê dit nou maar) ouer mense daaraan herinner het dat oudword deel van die lewe is, en al manier hoe ’n mens die pad vorentoe kan aanpak, is om te leef in die oomblik – in genade en sonder te veel kommer oor dit wat jy nie kan beheer nie.

Genade, dankbaarheid en leef in die oomblik. Dít was en is steeds die magic van die klas van 1975, wat almal daarna uitsien om mekaar oor vyf jaar weer te sien. En om dalk selfs weer die magic na ons 60ste reünie te bring!



*Agter van links is Hannelie Mocke (du Plooy); Renette van Rensburg (Bekker); Frik Nolte; Elize Botha (Jordaan); Wesley Grant; Sarie Steyn (Els); Ben Blignaut; Albertha vd Westhuizen (Smit); Hannes Oosthuizen; Nella Steyn (Haefele); Dorathea Coetzee (Herman); Louis Myburgh; Pieter Piek; Paul Cronje; Carin Lakie (Roos); Denise Mouton (van Almelo); Magda Swart; Flip Botha; Gerda Booysen (du Plessis); Hennie Roets. Voor is Annelie Jansen (van Aardt); Martie Myburgh (Smit); Esmarie Smit; Sanchen Lambrecht (Roets). Inlas: Janet du Toit, wat nog nie daar was toe die foto geneem is nie. Foto erkenning: HENNIE BOOYSEN*

## Troukoors




***Pula en Kaylah sê “Ja!”***

*Die liefde was in die lug hierdie afgelope naweek toe Pula Fox en Kaylah Oberholzer ewige trou belowe het in ’n pragtige seremonie wat vriende en familie uit die gemeenskap bymekaar gebring het.*

*Pula, seun van Jerrie en Elize Fox, en Kaylah, dogter van Gustav en Anneke Oberholzer, het mekaar se harte gewen lank voordat hulle hul geloftes afgelê het — en nou begin hul saam ‘n nuwe hoofstuk as man en vrou.*

*Kaylah, wat as onderwyser in die dorp werk, en Pula, ’n werktuigkundige, woon reeds in Heilbron.*

*Die Fox en Oberholzer families is oorstelp van trots en dankbaarheid, en wens die jong egpaar alles van die beste toe vir hul toekoms saam.*





**Tel: 058 853 0931/2/3**
**Breëstraat 53, Heilbron**

**BELASTING KLERK VAKATURE**
**Verantwoordelikhede**
- Data vaslegging
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawes
- Kantooradministrasie Vaardighede
- MS Office (Word, Excel)
- Pastel / TurboCash
- Kennis oor SARS Efiling
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV’s epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

**Aansoeke sluit 31 Oktober 2025**



**Tel: 058 853 0931/2/3**
**Breëstraat 53, Heilbron**

**DATA KLERK VAKATURE**
**Verantwoordelikhede**
- Data vaslegging
- Kantooradministrasie vaardighede
- MS Office (Word, Excel)
- Pastel / TurboCash
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV’s epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

**Aansoeke sluit 31 Oktober 2025**

**TELWIEDRÉ VOERE**

**VAKANTE POS**
**KREDITEURE KLERK**
Telwiedré Voere in Heilbron beskik oor bogenoemde vakature.
Voornemende kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-

- Goeie menseverhoudinge en vriendelik
- Betroubaar, stiptelik en lojaal
- Emosioneel volwasse persoon, wat onderdruk goed funksioneer
- Nougeset, netjies en akkuraat
- Deeglik, uiters verantwoordelik en bekwaam
- Moet kan saamwerk in ‘n administratiewe span

**VEREISTES:-**
- Graad 12-sertifikaat en rekenaargeletterd wees
- Syferaangelê wees
- Ondervinding in Pastel en Excel sal in jou guns tel
- Tweetalig wees

**VERANTWOORDELIKHEDE:-**
- Algemene kantooradministrasie en ondersteuningsdienste
- Akkurate verwerking van fakture tot op betaal stadium
- Effektiewe hantering van maandeindes en nakoming van sperdatums
- Alle ander aspekte wat op die pos betrekking mag hê

**SLUITINGSDATUM:-** Donderdag, 30 October 2025 om 11h00
**BELANGSTELLENDES:-** Epos u aansoek na admin@telwiedre.co.za

**VACANCY**
**CREDITORS CLERK**
Telwiedré Voere in Heilbron have the above-mentioned vacancy.
Prospective candidates must possess the following qualities: -

- Good Human relations and friendly
- Reliable, punctual, and loyal
- Emotionally mature person, who function well under pressure.
- Meticulous, neat, and accurate
- Thorough, extremely responsible, and competent
- Must be able to work in an administrative team.

**REQUIREMENTS: -**
- Grade 12 certificate and computer literate.
- Numerically literate
- Experience in Pastel and Excel will be to your advantage.
- Bilingual

**RESPONSIBILITIES:-**
- General administrative and supporting services
- Accurate processing of invoices until payment of invoices
- Effective handling of month-end and compliance to deadlines
- All other aspects that may relate to this position.

**CLOSING DATE:-** Thursday, 30 October 2025 at 11h00
**INTERESTED PARTIES:-** Mail your application to admin@telwiedre.co.za

# Hiérdie leerders presteer besonders!

Die volgende leerders het bewys dat uithouvermoë en toewyding onder begeleiding van Suryn Claasen, vrugte afwerp. Suryn bied ekstra klasse aan leerders wat in Fisiese Wetenskap en Wiskunde wil uitblink, of net verbeter.

**Frankforters bo 80%:** Mia (80%), Reinhard (92%), Cornel (98%), Wilmé (100%), Miné (90%), Madri (82%), CL (90%), Mari (96%), Mienke (84%), Wieko (84%), Jané (84%), Chené (87%) (92%), Letitia (83%), MJ (98%), Santjie (82%), Jennie (80%)(83%), Bienie (87%)

**Heilbronners bo 80%:** Chanté (96%), Marizaan (89%), NJ (87%), Danelri (80%), Franco (94%) (86%), Johanri (87%)(85%)

**Frankforters wat merkbaar verbeter het:**
Hardus (+20%), Christian (+12%), Marine (+10%), Rehan (+17%), André (+10%), Anienke (+21%), Marnus (+15%), John (26%), Estiaan (+10%)

**Heilbronners wat merkbaar verbeter het:**
Marizelda (+35%), Delandrie (+11%), Diané (+34%), Chanelle (+11%), Carlo (+12%), Danie (+12%), Danie (+12%), Lizelle (+11%)


Hierdie leerders het in kwartaal 3, óf bo 80% behaal of met meer as 10% verbeter. Hulle was uitblinkers!

Beperkte plekke vir ekstra klasse in Wiskunde en Fisiese `wetenskap is beskikbaar vir 2026. Kontak Suryn by 083 234 9882 vir navrae of besprekings.



*Carlo*


*Marizelda*


*Danelri*


*Franco*



*Johanri*



*Chanelle*



*Diané*


*Danie*



*Delandrie*


*NJ*


*Chanté*


*Lizelle*


*Marizaan*









# Riemland Cut & Co. Slaghuis en Deli bring styl, smaak én hart na Heilbron!

’n Vars bries van geure en gesellligheid waai binnekort deur Wentworth Square!

Op Saterdag, 25 Oktober 2025, open Riemland Cut & Co. Slaghuis en Deli sy deure vir die publiek — en beloof om kwaliteit vleis, tuisgebak en goeie diens te lewer.

Die beste gehalte bees-, lam- en varkvleis, mooi gesny en vars voorberei.

Spesiale resepte vir wors, sosaties en ander gemarineerde vleissnitte.

Varsverwerkte groente — reg om te gebruik vir enige tuisgemaakte dis.

Smullekker suurdeeg gebak asook soutgebak. Die openingsgeleentheid op Saterdag, 25 Oktober beloof om iets besonders te wees. Een gelukkige kliënt stap weg met ’n vleispak ter waarde van R1 000, terwyl almal anders getrakteer word op ’n ware smaakfees alles uit die Riemland Cut & Co.-kombuis!

Riemland Cut & Co. bring die styl van ’n moderne slaghuis en  deli saam met die warmte van ’n plaasgemeenskap — waar elke klant soos familie voel en elke produk met trots vervaardig word.

Só, maak ’n draai by Wentworth Square op 25 Oktober, bring familie en vriende saam, en kom ervaar self hoekom Riemland Cut & Co. Slaghuis & Deli besig is om Heilbron se nuutste trotspunt te word!






*Ouma Lien*

* 1952-11-29 † 18-10-2025

Dit is met hartseer dat ons afskeid neem van Ouma Lien. Sy het 'n vol lewe gehad en ons sal haar onthou as die mens wat altyd gelag het. Rus in Vrede.

***Tienie, kinders, kleinkinders, agterkleinkind, Familie en vriende***






# Huppel Trippel reis deur die wêreld

**• *Sylvia Meades***

Rillings en uitroepe van verbasing was aan die orde terwyl die HT-lede geluister het na die vreemde en soms grillerige kosse wat deur mense in ander lande geëet word. Hoe klink 'n kobra se hart met 'n bietjie bloed daarby in jou "shooter"? Of dalk beskou jy 'n springkaan in olie gebraai as 'n delikatesse. Daar is ook iets vir die koffie-liefhebbers. 'n Baie duur koffie word in Indonesië gemaak van die uitskeiding van koffiepitte wat deur 'n spesifieke diertjie geëet is. Hierdie koffiepitte kan jou enigiets van R400 tot R18,000 per kg kos! Dan het almal ook gehoor van koekies wat in Malawi gemaak word van vlieë en muggies. Natuurlik is gebraaide mopaniewurms ook 'n lekkerny vir sommige mense...en padda boudjies vir die Franse of 'n tuna se oë vir ander. Nouja, nader aan die huis kan jy jou ook verlustig aan skaapkop, koei uier of skilpad. Nonna Roos het hierdie en ander grillerige feite op die internet opgespoor. Dit was 'n program wat 'n mens ver weggevat het uit jou bekende wêreld. Oor twee weke is die program 'n Vasvra met 'n kinkel. Kom kuier gerus saam om 10uur  in die eetkamer by Huis Bron-van-Heil

Hierdie diertjie se uitskeiding word in Indonesië gebruik om baie duur Kopi Luwak-koffie te maak. Regs bo is padda-boudjies soos net die Franse dit kan maak. Links onder lê 'n kobra se hart in jou drankie; en regs onder is sakke vol gedroogde mopaniewurms

**BEDANKING:** Huppel Trippel wil baie graag vir PAKWORKS hartlik bedank vir hulle gereelde skenkings aan die Huppel Trippel-groep. Met elke Rolstoeldag is Pakworks se Niknaks en grondbone 'n instelling. Baie dankie vir julle pragtige gesindheid teenoor ons. Dit gaan nie ongesiens verby nie!









# KENNISGEWINGS

**LIKWIDASIE-EN DISTRIBUSIE - REKENINGS IN BESTORWE BOEDELS WAT TER INSAE LÊ**

Ingevolge artikel 35(5) van die Wet 66 van 1965, word hierby kennis gegee dat duplikate van die likwidasie- en distribusierekenings (eerste en finale, tensy anders vermeld) in die boedel hieronder vermeld, in die kantore van die Meesters en Landdroste soos vermeld en gedurende 'n tydperk van 21 dae (of korter of langer indien spesiaal vermeld) vanaf gemelde datums of vanaf datum van publikasie hiervan, as dit later is, ter insae lê van alle persone wat daarby belang het.
Indien binne genoemde tydperk geen beware daarteen by die betrokke Meesters ingedien word nie, gaan die Eksekuteurs oor tot die uitbetalings ingevolge gemelde rekenings.
Registrasie nommer van boedel: **5207/2022**
Van: **STEYN**
Voorname: **SALOMON JACOBUS**
Identiteitsnommer: **510702 5016 088**
Laaste adres: **RAUBENHEIMERSTRAAT 135, HEILBRON**
Beskrywing van rekening anders as Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening: Eerste en Finale
Tydperk van insae indien anders as 21 Dae: 21 Dae
Landdroskantoor: HEILBRON
Meesterskantoor: BLOEMFONTEIN
**Adverteerder en adres:**
HELMUT BURGER PROKUREURS
KERKSTRAAT 18, POSBUS 494,
FRANKFORT, 9830
TEL (058) 813 4006
(Verw: BS0008)
E-MAIL: admin@hbprok.co.za

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE**

In die boedel van **WYLE JOHANNES LE ROUX BREDENKAMP**
Identiteitsnommer: 440404 5018 08 2
ONGETROUD
Van: Die plaas Louis Rust, Heilbron, 9650
Wie oorlede is op: 19 Augustus 2025
In lewe 'n pensioenaris
**BOEDELNOMMER: 006579/2025**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47, POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPVDM/NE**
**TEL: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

**PUBLIC NOTICE: MATSOPA MINERALS KOPPIES MINE SOCIAL AND LABOUR PLAN 2027-2031**

Notice is hereby given of a public participation process in terms of Regulations 42 and 46 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No 28 of 2002) (as amended) and in line with the Environmental Impact Assessment Regulations promulgated in terms of Section 24(5) of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No 107 of 1998) regarding the review of the Koppies Mine 2027-2031 Social and Labour Plan to succeed the previously approved SLP (2022-2023) and in support of the extension of the mining rights area.

**Meeting details:**
The meeting will be held at:
**Date:** 4 November 2025
**Time:** 17:00-18:30
**Venue:** Kwakwatsi Community Hall, Kwakwatsi, Koppies

**For more information,**
Contact: **Ms Corlia Koen**
Tel: 012 460 7009
E-mail: corlia@demacon.co.za





# FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National









Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National


Die Heilbron Herald se laaste uitgawe (Kersuitgawe) is **DV 12 Desember 2025** en die eerste uitgawe vir 2026 **9 Januarie 2026.**





Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald asook skryfbehoeftes en kommersiële drukwerk kontak gerus vir
*Antonio Pienaar*
by die
**Heilbron Herald**
**058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


# SMALLS DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National



# HERALD Sport



# Besigheidsliga Week 3

• *Hannalie Claassen*

Spelers was uitgehonger vir spel na verlede week se rus as gevolg van die skoolvakansie. RSA Grain het goed teruggeveg na hulle die 1ste week klei getrap het, deur na week 3 tot die 3de plek op te skuif. Die 2 topspanne JCB en Sorella eindig as die 2 topspanne en sal dus in die finaal sake uitspook. Ons ander spanne neem deel in 'n goeie gees en is daar uitsluitlik vir spanbou en gee al die lede van hulle besigheid kans om deel te neem.

24 en 25ste Oktober 2026 word die NFS Viere te Welkom gespeel. Twee damesspanne van Heilbron Rolbalklub gaan deelneem. Ons wens hulle alles van die beste toe. Onthou elke Woensdag- en Saterdagmiddae is daar sosiale spel by die klub. Enige persoon is welkom om te kom saam rol. Rolbalballe sal voorsien word as jy nie het nie.



*Op die foto vl: Willie Matthee, Abrie Watson, Elsabé Muller en Eben Claassen.*



*Op die foto vl: Louise Claasen en Chantell Fisher Kopanang span.*













BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 27 OKTOBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 28 OKTOBER 2025
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
CAROLINA: CONDIL FINANCIAL SERVICES STAAK BOERDERY VEILING
11:00, plaas Twyfelaar
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
WOENSDAG - 29 OKTOBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DONDERDAG - 30 OKTOBER 2025
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
NYLSTROOM Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
VRYDAG - 31 OKTOBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Speenkalf veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Vetvee veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
PIETERSBURG Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

BONUS HARDWARE
HARDWARE & BUILDING SUPPLIES
VAKATURE
VLOER VERKOOPSMAN
*Bogenoemde vakature bestaan tans by Bonus Hardeware Heilbron.*
Posvereistes:
• Aangename persoonlikheid
• Goeie kommunikasievermoë en klantediensingesteldheid
• Kliëntediens
**Aansoeke vir bogenoemde betrekking moet gerig word aan:**
Die Bestuurder, Bonus Hardeware
Breëstraat 31, Heilbron, 9650.
Sluitingsdatum: 25 Oktober 2025

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING